## April 2016

### Wêreldekonomie

Gegrond op die jongste CIPS/Markit Koopbestuurdersindeks (KBI) is die Verenigde Koninkryk se vervaardigingsektor vir die eerste keer sedert 2013 nou in inkrimpingsmodus. Franse vervaardiging presteer steeds swakker as ander lande in die Eurosone. Met uitsondering van Frankryk het die Eurosone se vervaardigingsaktiwiteite momentum gekry. Die Euroblok se geannualiseerde BBP-groei in die eerste kwartaal was 2,4% in teenstelling met die VS se BBP-groei van 0,5% in dieselfde tydperk. Die VS se vervaardigingsektor sukkel steeds, aangesien verlede jaar se dollarherstel gekombineer met stadiger wêreldwye vraag Amerikaanse fabrieke onder druk geplaas het. Markekonome meen die swakheid gaan na die tweede kwartaal oorloop, met geen teken van verbetering nie. VS-voertuigverkope klop voorspellings en is op pad om nog 'n rekord op te stel. Die Kanadese dollarswakheid was behulpsaam. China se KBI-verslag was benede konsensus, aangesien die land se vervaardigingsektor volgens Caixon in inkrimpingsmodus bly. Volgens *RBS Economics* sal China se beplande 2016 fiskale tekort die grootste in dekades wees. Dit is hoekom Moody's China se sentrale regering op kredietwaak geplaas het. Indië se infrastruktuuruitset het die vinnigste in 16 maande gegroei. Kunsmis- en elektrisiteitsproduksie het skerp gestyg. In Australië het die Reserwebank onverwags rentekoerse tot rekordlaagtepunte gesny. Die Australiese dollar het in reaksie getuimel. In Japan is die dollar-jen vir die eerste keer sedert 2014 onder 106. Hierdie versterking van die jen is 'n ramp vir die Abenomics poging (ekonomiese beleide wat deur Shinzõ Abe, Japan se Eerste Minister, voorgestaan word).

### SA Ekonomie

SA se verbruikersinflasie het in Maart 2015 6,3% j/j gedaal, gesteun deur basiswaardes. Voedselinflasie het aanhou styg en is bykans by 10% j/j. Syfers van die Nasionale Vereniging van Motorvervaardigers van SA toon dat 4% minder voertuie in 2015 verkoop is vergeleke met 2014. Data van die Departement van Handel en Nywerheid toon dat verkope van nuwe voertuie met 9,2% j/j gedaal het. Uitvoer van nuwe voertuie het egter met 31,5% gestyg vergeleke met dieselfde maand verlede jaar, het die Departement gesê. Suid-Afrika se handelsbalans het tot 'n R2,92 miljard ($206,10 miljoen) surplus in Maart van 'n hersiene R1,27 miljard tekort in Februarie geswaai, het die nasionale inkomste-agentskap gesê. Uitvoere is 6,3% hoër op 'n maand-tot-maand-grondslag, terwyl invoere met 1,6% gestyg het. Suid-Afrika se toerismesektor verwag sterk groei in 2016 nadat streng visumregulasies wat die aantal besoekers in die vorige jaar verminder het, opgehef is, het Minister Derek Hanekom gesê. Die seisoenale aangepaste Barclays Koopbestuurdersindeks het tot 54,9 in April verbeter, sy hoogste vlak sedert Augustus 2013. Dit is met die 50,5 punte wat in Maart geregistreer is, vergelyk en is baie hoër as markkonsensus van 50,2.

### Inisiatiewe en tendense om te volg

- Die aantal wanpresterende lenings in China en die uitwerking daarvan op die debietgradering.

- Die VS en VK se vervaardigingsektorswakheid, wat die besluit oor 'n verdere rentekoersverhoging/-daling kan beïnvloed.
- Brexit (VK se onttrekking van die Europese Unie) onsekerheid en die uitwerking daarvan op die VK se ekonomie.
- Die uitwerking van 'n styging in die SA inflasiekoers op ons ekonomie.
- Die wisselkoers se onbestendigheid weens plaaslike en buitelandse onsekerheid, met 'n moontlikheid van nog 'n styging in die repokoers.

*"Do not save what is left after spending, but spend what is left after saving."*
***Warren Buffet***

**RvD de Kock** **PJ de Jongh**